Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

INFO 20/2026

20 November 2026

Van die skoolhoof

Twee foto's, een besondere verhaal

Die skooljaar is feitlik verby. Die laaste vraestelle word geskryf, onderwysers se rooi penne werk oortyd en klaskamers word opgeruim. Binnekort sal die vrolike kinderstemme op die stoepe stil word en sal die bekende skoolgewoel plek maak vir vakansierus.

Ons kyk met groot dankbaarheid terug op nog 'n jaar waarin die Here ons gedra en geseën het. Dag ná dag kon ons ons roeping uitleef om, saam met ouers, kinders te onderrig, te vorm en toe te rus in die weë van die Here.

Elke skooljaar het sy hoogtepunte, maar vir my bly die matriekafskeidsdiens een van die besonderste. Daar staan ons matrieks, deftig in hul skooldrag, op die drumpel van 'n nuwe lewensfase. Ouers en grootouers kyk met dankbaarheid en sekerlik ook 'n tikkie heimwee toe. En dan kom die klein graad 1's vorentoe om aan elke matriekleerling 'n geskenkie te oorhandig.

Juis tydens hierdie geleentheid het 'n oplettende matriekouer twee besondere foto's geneem en aan my gestuur. Op die een sien ons die graad 1's se splinternuwe Psalmboeke. Op die ander die matrieks s'n, gehawend, deurgeblaai en behoorlik opgebruik. Wat 'n aangrypende getuienis!

Daardie verslete boekies vertel van twaalf skooljare waarin kinderhande telkens die Psalms opgesoek het. Van jare se saamsing, leer en grootword met die lof van die Here op die lippe. Ons innige bede is dat die woorde wat so dikwels opgesoek en gesing is, ook diep in hul harte gegrif sal bly.

En die graad 1's se nuwe Psalmboeke? Mag hulle in 2037 net so verslete wees! Hierdie twee foto's vertel iets kosbaars van dit waarvoor GSDP staan. Van ons kleuterskool tot matriek wil ons kinders begelei om die Here te ken, lief te hê en te dien.

Met die beeld sluit ons 2026 dankbaar af en sien ons met verwagting uit na 2027, ons skool se veertigste bestaansjaar.

Mag die Here elke gesin gedurende die vakansie bewaar en ons weer saambring om met nuwe ywer ons roeping voort te sit, en bo alles sy lof te besing.

Saskia Meijer





Beplanner

20/11: Graad 1-kuierdag

24/11: KS-intreevergadering vir nuwe ouers

26/11: Kuierdag vir nuwe kleuters (2027)

26/11: Gr. 4 (2027) Wissel- en inligtingsaand

27/11: Skool sluit 11:00

08/12: Rapporte 08:00-09:00

2027

13/01: Skool heropen

14/01: HS Vlamvangaand #1

15/01: Huissport

16/01: Dankdiens 40 jaar


18/01: Matriek-gesprek

ALGEMEEN

’n Tyd vir elke saak — ons groet vier kollegas

In Prediker 3 lees ons: “Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd.” Aan die einde van hierdie skooljaar neem ons afskeid van drie gewaardeerde kollegas vir wie ’n nuwe lewensfase aanbreek.

1. **Mnr. Marinus de Feijter** het die afgelope tien jaar ’n besondere plekkie in die GSDP-familie volgestaan. As IT-onderwyser het hy sy kennis en ervaring met ons leerders gedeel, terwyl hy ook op die skaakbord menige jong denker gehelp het om ’n paar skuiwe vooruit te beplan.



Vanjaar het mnr. Marinus die besondere mylpaal van 80 jaar bereik! Min skole kan sekerlik daarmee spog dat hulle nog ’n aktiewe 80-jarige onderwyser in hul geledere het. En tog het mnr. Marinus steeds getrou aangemeld om sy kennis en tyd in diens van ons kinders te stel.


Maar soos Prediker 3 ons herinner, is daar vir alles ’n bepaalde tyd. Vir mnr. Marinus het die tyd nou aangebreek rustiger te lewe. Ons gun hom hierdie nuwe lewensfase van harte.

Mnr. Marinus, baie dankie vir tien jaar se getroue diens, vir die kennis wat u oorgedra het en vir die voorbeeld wat u gestel het dat ’n mens nooit te oud is om steeds diensbaar te wees nie.

Ons bid dat die Here u in hierdie nuwe lewensfase sal seën. Mag u elke nuwe dag met dankbaarheid uit sy hand ontvang.

Geniet die welverdiende rus, mnr. Marinus! En wie weet, dalk is daar nou uiteindelik tyd vir ’n paar lekker skaakpartytjies, sonder dat die skoolklok die spel onderbreek!

’n Tyd vir elke saak — ons groet vier kollegas



2. Mnr. Ulbe de Ronde het die afgelope nege jaar as IGO-onderwyser diep spore by GSDP getrap. Nege jaar waarin hy sy kennis en ervaring met ons leerders gedeel het en deel geword het van ons skool se daaglikse lief en leed.

Nou breek daar vir mnr. Ulbe vir die tweede keer ’n tyd van aftrede aan! Hierdie keer hoop ons dat hy en sy vrou sommer behoorlik die rustiger lewensritme sal geniet, sonder die verantwoordelikhede en verpligtinge wat ’n skooldag meebring.

Mnr. Ulbe, baie dankie dat ons vir nege jaar op u kon staatmaak en dat u bereid was om steeds u tyd en kennis in diens van ons kinders te stel. Ons groet u met waardering, maar ook met die wete dat die Here in elke lewensfase vir ons ’n nuwe plek en roeping beskik.

Ons bid u die seën van die Here toe.

Geniet die rus, mnr. Ulbe. U het dit verdien!

3. Juffrou Minette Lemmer het die afgelope drie jaar haar plekkie in die GSDP-familie volgestaan. Of dit nou Tegnologie, Afrikaans of Besigheidstudies was, sy het haar hand aan verskillende vakke gewaag en met toewyding haar kennis en tyd met ons leerders gedeel.

Maar by die huis wag daar twee klein woelwaters wat ook graag al mamma se aandag wil hê! En daarom het juffrou Minette besluit om vir eers die skoolklaskamer vir die belangrikste klaskamer van almal te verruil, haar eie huis, waar twee jong seuntjies haar nou nodig het.

Gelukkig groet ons haar nie heeltemal nie! Sy gaan steeds by ons Robotika betrokke bly, en ons sien daarna uit om haar van tyd tot tyd weer op die skoolterrein raak te loop.

Juffrou Minette, baie dankie vir die mooi bydrae wat jy die afgelope drie jaar tot ons skool gelewer het. Ons wens jou kosbare tyd saam met jou gesin toe.

Mag die Here jou met wysheid en geduld toerus vir hierdie besondere lewensfase. Ons bid jou en jou gesin sy ryke seën toe.



’n Tyd vir elke saak — ons groet vier kollegas

4. Juffrou Isabel Vogel.

Daar is mense wat eenvoudig nie kan ophou om hul gawes en talente met ander te deel nie, en juffrou Isabel Vogel is beslis een van hulle!

Vir etlike jare het sy met groot entoesiasme haar liefde vir Afrikaans, Bybel en drama by GSDP uitgeleef. In die klaskamer het sy Afrikaans en Bybel onderrig, maar dit is veral ook buite die klaskamer waar haar liefde vir die kunste besondere spore getrap het.

Onder haar leiding het ons dramagroep nuwe hoogtes bereik. Sy het leerders vir skoolkonserte afgerig en vir die eerste keer in GSDP se geskiedenis ’n groep vir die ATKV-Tienertoneelkompetisie ingeskryf, waar hulle met ’n bronsmedalje beloon is. Ook ons redenaars het onder haar vlerk ingeskuif, terwyl sy met groot ywer gehelp het om klein toneelstukke vir ons Hervormingsprogram op die planke te bring.

En as sy nie besig was om jong dramatalente te slyp nie, kon ’n mens haar dikwels iewers in die skooltuin aantref!

Nou breek daar vir juffrou Isabel vir die tweede keer ’n tyd van aftrede aan! Maar om heeltemal stil te sit, is klaarblyklik nie deel van haar planne nie. Gelukkig vir ons gaan sy steeds haar besondere gawes aanwend om ons leerders se dramatalente te ontwikkel. Sy gaan ons kom help met die 40-jaar-feeskonsert in 2027 en ander dramageleenthede.

Juffrou Isabel, baie dankie vir alles wat jy toegevoeg het tot GSDP. Ons waardeer jou liefde vir ons kinders, jou kreatiwiteit en jou bereidwilligheid om steeds jou talente in diens van die skool te stel.

Mag die Here jou in hierdie nuwe lewensfase ryklik seën, jou krag en gesondheid gee en jou nog lank die vreugde laat beleef om jou gawes met ander te deel.



DANKDIENS


40 jaar van God se trou en genade!

In 2027 vier Gereformeerde Skool Dirk Postma sy 40ste bestaansjaar, ’n besondere mylpaal waarvoor ons die Here met dankbaarheid wil loof!

Ons nooi ons hele skoolgemeenskap, oudleerders, oudouers en vriende van GSDP hartlik uit om hierdie feesjaar saam met ons te begin tydens ’n spesiale dankdiens op Saterdag 16 Januarie 2027 om 15:00 in die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar.

Kom dank saam met ons die Here vir 40 jaar se seën, bewaring en voorsiening. Ná afloop van die diens kuier ons graag gesellig saam.

Ons sien daarna uit om hierdie besondere geleentheid saam met julle te beleef!



HUISSPORT 2027



MUSIEK

Musiek by GSDP, ‘n jarelange droom!

Musiek het die besondere vermoë om mense saam te bind en talente te ontsluit. Dit is daarom al vir baie jare ’n droom van GSDP om ook aan ons leerders die geleentheid te bied om musiekonderrig op die skoolterrein te ontvang.
Hoewel ons tans slegs ’n laerskoolkoor het en dit nie in die nabye toekoms moontlik sal wees om Musiek as formele skoolvak aan te bied nie, is ons opgewonde dat ons in 2027 ’n eerste tree in hierdie rigting kan gee!

Musiekonderrig deur BFV Music

Ons is baie bly om bekend te maak dat ons met Gerhardt B. Diedericks van **BFV Music** gaan saamwerk om ná-uurse musiekonderrig op ons skoolterrein moontlik te maak.
BFV Music se visie is om toeganklike musiekonderrig van hoë gehalte aan kinders te bied. Verskeie van ons leerders het reeds by mnr. Diedericks musiekonderrig ontvang. Die groot voordeel van hierdie samewerking is dat kinders hul musiektalente sommer hier by die skool kan ontwikkel, sonder dat ouers hulle na ander skole of privaat musiekateljees hoef te vervoer.
Daar sal twee lesopsies beskikbaar wees: duurder individuele lesse vir leerders wat persoonlike aandag verkies, en meer bekostigbare groepslesse.
Om die nuwe musiekgeleentheid bekend te stel, word ’n **opedag in Januarie** beplan. ’n Span musiekonderwysers van BFV Music sal ons skool besoek en ’n interaktiewe demonstrasie aanbied waartydens leerders en ouers met verskillende instrumente kennis kan maak. Ons vertrou dat hierdie geleentheid sommer heelwat belangstelling en opgewondenheid sal wek!
Namate die musiekonderrig uitbrei, sal BFV Music ook ondersoek instel na die moontlikheid om ander spesialis-musiekonderwysers te betrek, sodat ons leerders mettertyd toegang tot ’n groter verskeidenheid instrumente en musiekvaardighede kan kry.
GSDP sal die lokale beskikbaar stel, terwyl BFV Music verantwoordelik sal wees vir die inrigting daarvan, die reëlings, kommunikasie met ouers en alle finansiële aangeleenthede.

Blokfluitlesse – ’n besondere geleentheid vir ons kinders

Ons het nóg goeie nuus! Mev. Anne Meijer gaan vanaf 2027 gratis blokfluitlesse by die skool aanbied. Daar sal ’n groep vir graad 1- en 2-leerders wees, asook ’n groep vir ouer kinders. Die doel van hierdie klasse is om kinders op ’n prettige, praktiese manier aan musiek bekend te stel. Hulle sal leer om blokfluit te speel, basiese musieknote te herken en eenvoudige bladmusiek te lees.



Dirkies maak hul merk

Zané Kotze is vir die Gauteng-Noord Atletiek span gekies wat op 4 en 5 Desember 2026 in Potchefstroom deelneem aan die ASA Atletiek Suid-Afrika kampioenskappe. Sy is vir die driekamp gekies. Ons wens Zané baie sterkte toe.



Nog 'n Dirkie maak sy merk

Dian Kruger is gekies vir die O/16 2-span van Gauteng-Noord.

Hy gaan aan die Suid-Afrikaanse Junior Jukskei Kampioenskappe van 4 tot 11 Desember deelneem. Dis een van 19 spanne van die Unie wat op Vrydag 4 Desember na Kroonstad vertrek.

Die spanne gaan teen 10 ander Unies asook Namibiese spanne wat jaarliks vir die toernooi na SA kom, deelneem.

Daar word daagliks 6 wedstryde van ’n uur elk gespeel.

Ons wens Dian baie sterkte toe.



Kleuterskool

Neem kennis van die volgende datums:

120 November- Graad 1 kuierdag

24 November - Intreevergdering vir nuwe ouers

26 November - Kuierdag vir nuwe kleuters (2027)

Gr. R-gradeplegtigheid









Laerskool

Is jy reg vir Graad 4?

Kom geniet 'n inligtings- en wisselaand saam met ons!

Wat gaan ouers doen?

Inligtingsessie bywoon - dit vervang 2027 se inligtingsaand!

Wat gaan maats doen?

Wissel volgens rooster

Ligte ete word voorsien



Datum: 26 November 2026

Tyd: 17:30-19:00

Laerskool Dirk Postma

Hoërskool

Graad 9-fondsinsameling

Graad 9-fondsinsameling: Lekker Plaaslike Winskopies Koeponboek
Soos baie van julle reeds weet, is ons Graad 9-leerders hard aan die werk met ’n opwindende fondsinsamelingsinisiatief: die Lekker Plaaslike Winskopies Koeponboek!

Met groot dankbaarheid en opgewondenheid kan ons aankondig dat meer as 60 besighede bygedra het tot koeponne. Dit sluit ’n wonderlike verskeidenheid ondernemings in, van winkels en slaghuise tot skoonheidsalonne, bou-ondernemings, eiendomsagente en selfs vakansiebestemmings.

Deelnemende besighede kry die geleentheid om hul produkte en dienste aan ons plaaslike gemeenskap bekend te stel, terwyl hulle spesiale aanbiedinge in die vorm van randbedrag- of persentasie-afslag aan koeponboekhouers beskikbaar stel.

En die goeie nuus vir ons ouers en gesinne? Die koeponboek bevat reeds meer as 60 plaaslike aanbiedinge met ’n gesamentlike potensiële besparingswaarde van meer as R5 000!

Die boekie sal teen slegs R300 verkoop word en is geldig vanaf 1 Desember 2026 tot 1 Desember 2027 – ’n volle jaar om plaaslik te koop, jouself te bederf en lekker te spaar!

Die koeponboek is tans in sy finale afrondingsfase en behoort binnekort drukkers toe te gaan. Ons beoog om 1 000 boekies te druk en te verkoop.

Hou gerus die kommunikasiekanale dop vir meer inligting oor hoe om jou eie koeponboek te bekom! Baie dankie aan al die besighede wat reeds hul ondersteuning en deelname toegesê het. Baie dankie ook aan al die besighede wat hierdie projek op watter wyse ook al geborg het. Ons waardeer ook elke ouer se ondersteuning om hierdie inisiatief ’n sukses te maak!

Koop plaaslik. Ondersteun plaaslik. Groei saam!



Gr. 9's 2026



Handboeke

Alle leerlinge van graad 8 tot 11 handig op Donderdag 26 November handboeke in, behalwe die boeke van die vakke wat op die laaste dag geskryf word. Die tye vir inhandiging van die handboeke sal met die kinders gekommunikeer word.

Laaste Reëlings

Op Vrydag 27 November gaan leerlinge om 07:35 af kerk toe vir die afsluiting van die jaar. Daarna (ongeveer 8:45) sal laaste handboeke ingegee word. Sodra almal gereed is, sal die eksamensessie begin (so na as moontlik aan 9:00). Leerlinge mag verdaag sodra die sessie afgehandel is. Kyk asseblief na die tye op die eksamenrooster om te bepaal hoe laat die kinders ongeveer sal klaar wees met die eksamen.

Hoërskool Inligtingsaand 2027

Neem asseblief kennis dat die algemene inligtingsaand vir die Hoërskool reeds plaasvind op DV Dinsdag 12 Januarie 2027. Dit is belangrik dat alle ouers hierdie vergadering bywoon.


Dirkies help ‘n ander


Ons is amper by die wenpaal! Daar is nog net ’n paar pakkies uitstaande vir Ramotse se naskoolgroep. Op Dinsdag 1 Desember kom ds. Herens Nkoana, predikant van GK Ramotse, die pakkies oplaai. Hulle jaarafsluiting vind op 3 Desember plaas.

Baie dankie aan die leerlinge van die hoërskool, ouers en personeel wat in hierdie besige laaste kwartaal ook daaraan gedink het om 128 kinders se harte bly te maak! By hierdie naskoolgroep is daar vrywilligers wat elke weeksdag studiebystand gelewer het en ons klein bydrae wys ook aan hulle, en die leerlinge wat daarby baatvind, dat ons omgee.

Baie dankie, mag die Here ons in 2027 ook instaat stel om dit weer te doen.

GK Rietvallei bied aan:




Aros
Studeer
ONDERWYS
"Arrieveer" in 2027 – waar jou roeping om te onderrig, te inspireer en 'n verskil te maak, begin!
• 'n Toeganklike afstandsonderrigmodel
• Ten volle geakkrediteer
• 'n Wye verskeidenheid onderwyskwalifikasies
• Werk én studeer
• Studeer in Afrikaans, jou moedertaal
• 'n Christelike grondslag
www.aros.ac.za
info@aros.ac.za
012 332 3227

Snapscan Kodes

Snap here to pay
SnapScan

GSDP-SKOOLFONDS

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan

GSDP-BOUFONDS

ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

BLITS



Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.

Dankie vir u ondersteuning!

MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.

MySchool MyVillage MyPlanet

PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.

